- Laat staan die oplossing in die spuittenk vir 'n paar uur, maar verkieslik oornag.
- Spoel ten minste twee keer met skoon water uit.
- Hierdie spuittoerusting behoort nie gebruik te word vir die toediening van enige ander chemikalieë nie, behalwe onkruidodders.

- Gooi waswater weg waar dit nie voedsel, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.

Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Spoel die leë houer drie keer uit met 'n volume skoon water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk.

Vernietig die leë houer en moet dit nie vir enige ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWINGS

BROADSTRIKE* 800 WG is 'n groepkode B onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **BROADSTRIKE* 800 WG**, of enige ander groepkode B onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **BROADSTRIKE* 800 WG** of enige ander groepkode B onkruidodder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruidoddergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls, (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.
- Monitor elke land op 'n seisoenale basis om die ontstaan van weerstand vroegtydig te identifiseer.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSBEPERKINGS

BROADSTRIKE* 800 WG moet wanneer na-opkoms in klawer, lusern of medics toegedien word alleen gebruik word, of andersins, in ander gewasse gebruik word as 'n tenkmengsel in kombinasie met komplimentêre produk/te soos aanbeveel.

Toedienings van **BROADSTRIKE* 800 WG** of tenkmengsels mag die gewasse waaraan dit toegedien is erg beskadig mits die volgende aanwysings nie nagekom word nie:

- ◆ Moenie **BROADSTRIKE* 800 WG** saam met organofosfaat insekdoders op mielies of droëbone gebruik nie, dit wil sê, nie in tenkmengsel met 'n organofosfaat insekdoder nie, ook nie waar 'n organofosfaat met planttyd aan die grond toegedien is of waar die gewassaad met 'n organofosfaat insekdoder behandel is nie, asook nie waar 'n organofosfaat insekdoder reeds na-opkoms aan die mieliegewas toegedien is nie.
- ◆ Na 'n voor- of na-opkoms toediening van **BROADSTRIKE* 800 WG** aan 'n mieliegewas of na 'n voor-opkoms toediening van **BROADSTRIKE* 800 WG** aan 'n droëboongewas moet geen organofosfaat insekdoder vir 'n periode van 6 weke toedien na die **BROADSTRIKE* 800 WG** toediening nie.

- ◆ In geen tipe gewas hoegenaamd moet **BROADSTRIKE* 800 WG**, waar die saad met organofosfaat insekmiddels behandel is, of waar sulke middels in die plant voor naby die saad geplaas is, gebruik word nie.
- ◆ Moet nie **BROADSTRIKE* 800 WG** saam met enige organofosfaat insekmiddel meng nie.
- ◆ Moenie **BROADSTRIKE* 800 WG** deur enige tipe besproeiingsstelsel toedien nie.
- ◆ Moenie hierdie produk deur vloedbesproeiing toedien of inkorporeer nie, behalwe moontlike gewasskade mag die mate van onkruidbeheer ook verlaag word.
- ◆ Moet **BROADSTRIKE* 800 WG** glad nie op lande, waar die gewasrotasiebeperkings op die etikette van enige voorafgaande onkruidmiddels (bv. triasienes en sulfonilureums) wat voorheen op dieselfde lande gebruik is nie, nie volledig nagekom is nie, gebruik nie.
- ◆ Moenie **BROADSTRIKE* 800 WG** vooropkoms toedien nie op gewasse op gronde met 'n pH(H₂O) van 7,0 of hoër, omrede 'n geassosieerde hoër biotoeganklikheid van onkruidmiddel die moontlikheid van gewasskade mag verhoog. Hou ook hierdie pH beperking in gedagte wanneer daar beplan word om grond pH opwaarts aan te pas met bekalking op lande waar die gebruik van **BROADSTRIKE* 800 WG** ook beplan word.

Toestande soos hieronder gelys mag gewasskade deur **BROADSTRIKE* 800 WG** en/of onvoldoende onkruidbeheer veroorsaak:

- swak gedreineerde gronde of gronde met 'n verdigte laag. Versuip-toestande in die teenwoordigheid van onkruidmiddels sal tot verminderde stand en/of vertraagde groei lei wat oesverlies tot gevolg mag hê.
- gronde met 'n pH (H₂O) van 7 en meer.
- toestande van baie reën en/of besproeiing op sanderige of gruiserige gronde.
- uitgerekte of abnormale koue en/of uitgerekte of abnormale nat toestande.
- plante onder stres as gevolg van faktore soos swak gewasvoeding, aalwurm infestاسies, siektes, droogtes ens.
- gronde met 'n pH (H₂O) van laer as 5 en / of organiese materiaal inhoud van hoër as 3 % mag moontlike swak onkruidbeheer teweeg bring.

Moenie **BROADSTRIKE* 800 WG** tenkmengsels toedien aan ingeteelde ouerplante van gewaskultivars, asook proef of nuutvrygestelde kultivars sonder om eers die vervaardiger, verspreider of saadverskaffer in hierdie verband te raadpleeg nie.

Moenie **BROADSTRIKE* 800 WG** tenkmengsels op saadmielies, suikermielies, springmielies en ander eksotiese kultivars gebruik nie.

Vir grondbone en sojabone word daar 'n optimum plantdiepte van gewassaad deur die LNR, Instituut vir Graangewasse voorgeskryf. Hierdie dieptes is 50 – 75 mm vir grondbone en 20 – 60 mm vir sojabone (afhangend van die saadbed en grondtoestande). Hierdie plantdieptes moet nagekom word.

Vir droëbone moet saad 30 – 50 mm benede die grondoppervlakte geplaas word, afhangende van saadbed- en grondtoestande.

BROADSTRIKE* 800 WG in mengsel met RELAY SUPER 900 EC of ALACHLOR 384 EC of ALACHLOR 480 CS of METOLACHLOR 960 EC or S-METOLACHLOR 960 EC moet

vooropkoms van die gewas toegedien word, soos aanbeveel vir akkerbone, droëbone, grondbone of sojabone.

Moenie **BROADSTRIKE* 800 WG** of **BROADSTRIKE* 800 WG** tenkmengsels na-opkoms op akkerbone, droëbone, grondbone of sojabone toedien nie.

Verseker dat vooropkoms toedienings aan die bogenoemde gewasse binne 3 dae na saadbedvoorbereiding en binne 3 dae of minder na plant geskied. Nakoming van hierdie vroeë tydsberekening en met plantdiepte wat nie minder moet wees as gespesifiseer nie, word verlang om te verseker dat geen gewasplante reeds opgekom het (kraakstadium of later) tydens toediening, andersins mag ernstige gewasskade volg.

Droëbone: Moenie **BROADSTRIKE* 800 WG** in mengsel met METOLACHLOR 960 EC or S-METOLACHLOR 960 EC aan enige Kleinwit boonkultivar toedien nie. Hierdie beperking geld vir die kultivars Teebus en PAN 123 asook vir alle ander Kleinwit droëboon kultivars, want gewasskade mag op sulke droëboon kultivars volg.

Die mengsel van **BROADSTRIKE* 800 WG** plus METOLACHLOR 960 EC or S-METOLACHLOR 960 EC mag huidiglik net op die droëboon kultivars gelys as geskik in TABEL C gebruik word, en nie op enige droëboon kultivars nie gelys as geskik nie.

Vir voor-opkoms toediening van **BROADSTRIKE* 800 WG** op mielies moet geen tenkmengsel anders as METOLACHLOR 915 EC of S-METOLACHLOR 915 EC, soos gelys in Tabel D, gebruik nie, of ernstige gewasskade mag veroorsaak word.

Vir voor-opkoms toediening van **BROADSTRIKE* 800 WG** op mielies moet geen METOLACHLOR of S-METOLACHLOR produk wat nie 'n mieliebeveiliging bevat gebruik word nie, of ernstige gewasskade mag veroorsaak word.

Moet nie **BROADSTRIKE* 800 WG** mengsels met METOLACHLOR 915 EC of S-METOLACHLOR 915 EC op mielies wat reeds opgekom het toedien nie, omrede ernstige gewasskade mag voorkom. Toedienings van **BROADSTRIKE* 800 WG** na-opkoms op mielies mag alleenlik streng soos voorgeskryf in TABEL E gedoen word.

BROADSTRIKE* 800 WG word nie aanbeveel vir gebruik voor-opkoms op mielies nie, in die magistraatsdistrikte van Bothaville, Bultfontein, Hoopstad, Kroonstad, Leeudoringstad, Makwassie, Mareetsane, Schweizer Reneke, Viljoenskroon and Wesselsbron.

BROADSTRIKE* 800 WG moenie alleen op mielies toegedien word nie, maar voor- of na-opkoms in tenkmengsels soos aanbeveel.

Wanneer tenkmengsels van **BROADSTRIKE* 800 WG** en ander onkruidodders gemaak word, moet die waarskuwings, voorsorgmaatreëls, gebruiksbepelings en gebruiksaanwysings soos vermeld op die betrokke etikette sorgvuldig nagekom word.

MINIMUM WAGPERIODES EN WISSELBOU-AANWYSINGS

Die minimum wagperiode is die tydsverloop tussen die laaste toediening van **BROADSTRIKE* 800 WG** alleen of in kombinasie met komplementêre onkruidodder/s tot die verwagte tyd van aanplanting van 'n opvolggewas.

Om skade aan opvolggewasse te voorkom, moet die volgende wagperiodes in ag geneem word:

BEHANDELING VAN BROADSTRIKE* 800 WG OF TENKMENGSEL VAN KOMPLIMENTÊRE PRODUK/TE + BROADSTRIKE* 800 WG	TYD VAN TOE-DIEN- ING*	OPVOLGGEWAS							
		SOJABONE	GROND- BONE	DROË BONE	GRAAN- SORGHUM	MIELIES	AARTAPPEL S	SONNEBLO M	KORING
		WAGPERIODE (MAANDE)							
BROADSTRIKE* 800 WG ALLEEN OP KLAWER, LUSERN OF MEDICS	NA- OPKOMS	0	0	0	3	3	3	5	3
(ALACHLOR 384 EC + BROADSTRIKE* 800 WG)	VOOR- OPKOMS	0	0	3	3	3	3	5	3
(ALACHLOR 480 CS + BROADSTRIKE* 800 WG)	VOOR- OPKOMS	0	0	3	3	3	3	5	3
RELAY SUPER 900 EC + BROADSTRIKE* 800 WG	VOOR- OPKOMS	3	0	3	3	3	3	5	3
METOLACHLOR 915 EC + BROADSTRIKE* 800 WG	VOOR- OPKOMS	0	0	0	3	3**	3	5	3
S-METOLACHLOR 915 EC + BROADSTRIKE* 800 WG	VOOR- OPKOMS	0	0	0	3	3**	3	5	3
METOLACHLOR 960 EC + BROADSTRIKE* 800 WG	VOOR- OPKOMS	0	0	0	3	3	3	5	3
S-METOLACHLOR 960 EC + BROADSTRIKE* 800 WG	VOOR- OPKOMS	0	0	0	3	3	3	5	3
(2,4-D AMINE 480 SL + BROADSTRIKE* 800 WG)	NA- OPKOMS	3	3	3	3	3	3	5	3
(2,4-D AMINE 480 SL + RELAY SUPER 900 EC + BROADSTRIKE* 800 WG)	NA- OPKOMS	3	3	3	3	3	3	5	3
(ATRAZINE 500 SC + BROADSTRIKE* 800 WG)	NA- OPKOMS	9	9	9	9	3	9	9	9
(BROMOXYNIL 225 EC + BROADSTRIKE* 800 WG)	NA- OPKOMS	0	0	0	3	3	3	5	3
(REFLEX SC + BROADSTRIKE* 800 WG)	NA- OPKOMS	9	9	9	9	3	9	9	9
(Atrazine/Terbuthylazine 600 SC + BROADSTRIKE* 800 WG)	NA- OPKOMS	9	9	9	9	3	9	9	9
(Atrazine/Terbuthylazine 600 SC + 2,4-D AMINE 480 SL + BROADSTRIKE* 800 WG)	NA- OPKOMS	9	9	9	9	3	9	9	9
(Atrazine/Terbuthylazine 600 SC + RELAY SUPER 900 EC + BROADSTRIKE* 800 WG)	NA- OPKOMS	9	9	9	9	3	9	9	9
* ● "VOOR-OPKOMS" beteken toediening voordat die gewas opkom.									
* ● "NA-OPKOMS" beteken toediening nadat die gewas opgekom het.									
** Hierdie wagperiodes van 3 maande sal wees zero maande in situasies waar die grondtipe en magistraatsdistrik nie voor-opkoms toediening van BROADSTRIKE* 800 WG aan mielies beperk nie – Sien Tabel D.									

Belangrik:

- Vir alle ander gewasse word 'n wagperiode van ten minste 24 maande aanbeveel, voorafgegaan deur 'n toetsplanting.
- Bogenoemde wagperiodes geld slegs indien die korrekte hoeveelheid **BROADSTRIKE* 800 WG** alleen of in kombinasie met komplementêre produk/te per grondsoort toegedien is op gronde met 'n pH (H₂O) van minder as 7 en normale of bogemiddelde reënval gedurende die seisoen waarin die toediening gemaak is en daarna voorgekom het.
- Vir mengsels van **BROADSTRIKE* 800 WG** met triasien-bevattende produkte ATRAZINE 500 SC; REFLEX SC of Atrazine/Terbuthylazine 600 SC sal die 9 maande wagperiodes gelys vir verskeie gewasse nie geldig wees vir sandgronde wat 0 – 10% klei bevat. Op sulke sandgronde moet langer wagperiodes, soos voorgeskryf op die betrokke triasien produk etiket, toegepas word.
- Bogenoemde wagperiodes is verder slegs geldig indien **BROADSTRIKE* 800 WG** en komplementêre onkruidoder/s slegs eenmalig, by wyse van 'n enkeltoediening, soos op hierdie etiket voorgeskryf, toegedien was.

ONKRUIDE WAT BEHEER WORD

Die volgende onkruidsoorte in LYS A word normaalweg beheer deur vooropkomtoedienings van **BROADSTRIKE* 800 WG** in mengsel met RELAY SUPER 900 EC of ALACHLOR 384 EC of ALACHLOR 480 CS of METOLACHLOR 915 EC or S-METOLACHLOR 915 EC of METOLACHLOR 960 EC or S-METOLACHLOR 960 EC teen die toedieningshoeveelhede soos hieronder aangedui:

VOOR-OPKOMS OP AKKERBONE, DROëBONE, GRONDBONE, MIELIES OF SOJABONE - LYS A:

<i>Amaranthus hybridus</i>	gewone misbredie
<i>Brachiaria eruciformis</i>	litjiesinjalgras
<i>Chenopodium carinatum</i>	groenhondebossie
<i>Chloris virgata</i>	witpluim-Chloris
<i>Cleome monophylla</i>	rusperbossie
<i>Digitaria sanguinalis</i>	kruisvingergras
<i>Echinochloa crus-galli</i>	hanepootmanna
<i>Eleusine indica</i>	jongosgras
<i>Panicum maximum</i>	gewone buffelsgras
<i>Panicum schinzii</i>	soetbuffelsgras
<i>Portulaca oleracea</i>	porslein
<i>Schkuhria pinnata</i>	klein kakiebos
<i>Setaria pallide-fusca</i>	rooiborselgras
<i>Setaria verticillata</i>	klitsborselgras
<i>Tagetes minuta</i>	kakiebos
<i>Tragus racemosus</i>	grootwortelsaadgras
<i>Tribulus terrestris</i>	dubbeltjie
<i>Urochloa panicoides</i>	beesgras

Onkruid in LYS B word wisselvallig beheer deur voor-opkom toedienings van **BROADSTRIKE* 800 WG** in mengsel met **RELAY SUPER 900 EC** of **ALACHLOR 384 EC** of **ALACHLOR 480 CS** of **METOLACHLOR 915 EC** or **S-METOLACHLOR 915 EC** of **METOLACHLOR 960 EC** or **S-METOLACHLOR 960 EC** teen die toedieningshoeveelhede soos hieronder aangedui:

VOOR-OPKOMS OP AKKERBONE, DROëBONE, GRONDBONE, MIELIES . OF SOJABONE - LYS B:

Cyperus esculentus geeluintjie

Belangrik: Geeluintjie (*Cyperus esculentus*)

Die beheer van ***Cyperus esculentus*** kan verbeter word deur aan die volgende voorwaardes te voldoen:

- ❖ Die plantproses onmiddellik voorafgegaan word deur 'n deeglike ploegbewerking met 'n skaarploeg.
- ❖ 'n Relatiewe fyn, egalige en ferm saadbed voorberei word.
- ❖ Die onkruidodertoediening gevolg word deur minstens 15 mm (ligte gronde) tot 25 mm (swaar gronde) sagte deurdringende reën (of besproeiing) om die onkruidodder in die grond in te loog voordat ***Cyperus esculentus*** opkom (gewoonlik 7 - 10 dae na deeglike grondbewerking). Die kans vir hierdie toestande om voor te kom is groter tydens die laaste helfte van die plantseisoen (November).
- ❖ Reënval na onkruidodertoediening maar voor ***Cyperus esculentus*** opkoms is noodsaaklik vir optimale ***Cyperus esculentus*** beheer. Gevolglik moet die tenkmengsel tydens of onmiddellik na die plantproses in klam grond toegedien word.

Die beheer van bogenoemde onkruid mag nadelig beïnvloed word onder die volgende toestande:

- ◆ Swak voorbereide saadbed.
- ◆ Gronde met 'n pH (H₂O) van minder as 5 en 'n organiese materiaal inhoud van meer as 3 %.
- ◆ Droë toestande direk na toediening of onvoldoende reënval op swaar grond.

Die volgende breëblaaronkruid in LYS C word normaalweg beheer deur na-opkoms toediening van **BROADSTRIKE* 800 WG** in tenkmengsels soos aanbeveel in TABEL E, terwyl hierdie tenkmengsels normaalweg wisselvallige beheer van die breëblaaronkruid in LYS D verskaf.

NA-OPKOMS OP MIELIES - LYS C:

<i>Amaranthus hybridus</i>	gewone misbredie
<i>Bidens pilosa</i>	gewone knapsekêrel
<i>Boerhavia diffusa</i>	Boerhavia
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie
<i>Cucumis myriocarpus</i>	wilde komkommer
<i>Datura ferox</i>	groot stinkblaar
<i>Portulaca oleraceae</i>	Porslein
<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos
<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie

NA-OPKOMS OP MIELIES (WISSELVALLIG) - LYS D:

<i>Commelina benghalensis</i>	Bengaalse wandelende Jood
<i>Emex australis</i>	Kaapse dubbeltjie
<i>Hibiscus cannabinus</i>	Wildestokroos
<i>Xanthium strumarium</i>	Kankerroos

Die volgende breëblaaronkruid in Lys E word normaalweg beheer deur na-opkoms toediening van **BROADSTRIKE* 800 WG** in tenkmengsels soos aanbeveel in TABEL G.

NA-OPKOMS OP KLAWER, LUSERN OF MEDICS - LYS E:

<i>Cenia turbinata</i>	Ganskos/Gansogie
<i>Emex australis*</i> †	Kaapse dubbeltjie
<i>Erodium moschatum*</i>	Turksnael
<i>Raphanis raphanistrum</i> †	Ramenas

* Wisselvallige beheer mag verwag word.

† Onkruid (Emex) moet by die 2 ware blare stadium wees (1ste ware blare na die cotyledon blare). Onkruid groter as gespesifiseer (of onkruid deur stres of beweiding beïnvloed voordat behandeling geskied) sal terug sterf maar hergroei van die wortelkroon mag gebeur, met daaropvolgende blom- en saadproduksie.

♦ Maksimum onkruidgrootte tydens toediening mag nie > 5 – 10 cm deursnee wees nie.

NOTA: Onkruid wat weerstandbiedend is teen ALS inhiberende onkruidodders sal nie beheer word nie.

NOTA: **BROADSTRIKE* 800 WG** alleen of in tenkmengsels verskaf beheer van sekere eenjarige grasse en vele breëblaaronkruid soos weergegee in LYS A, B, C, D en E hierbo. Ander eenjarige onkruid wat nie tydens die ontwikkelingsproewe met die middels voorgekom het nie, kan ook moontlik in meerdere of mindere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruid nie.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **BROADSTRIKE* 800 WG** in kombinasie met komplementêre produk/te mag beïnvloed word deur die formulering van die betrokke produkte asook deur die kwaliteit van die water. Aangesien die formulering van ander produkte kan verander sonder die medewete van Dow AgroSciences en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan verskil, moet 'n fisiese verenigbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat gespuit word.

Moet nie **BROADSTRIKE* 800 WG** met 'n organofosfaat insektemiddel meng nie. Sien Gebruiksbeperkings afdeling van hierdie etiket vir alle ander gebruiksbeperkings aangaande **BROADSTRIKE* 800 WG** en organofosfate insekdoders.

Moet vir geen gewas **BROADSTRIKE* 800 WG** in kombinasie met GALLANT SUPER (L4962) gebruik nie.

Wanneer **BROADSTRIKE* 800 WG** voor, na of gesamentlik met enige ander landboumiddel gebruik word, moet alle volledige Waarskuwings, Voorsorgmaatreëls, Gebruiksbeperkings en Gebruiksaanwysings op die etikette van daardie middels gelees word en volledig nagekom word.

MENGINSTRUKSIES**Wateroplosbare sakkies**

Wanneer **BROADSTRIKE* 800 WG** in wateroplosbare sakkies, wat elk 25 g produk bevat, verskaf word, moet nie die wateroplosbare sakkies vanuit die buitepak verwyder nie, behalwe vir onmiddellike gebruik. Moenie die wateroplosbare sakkies baie hanteer of toelaat dat dit in kontak met water kom voordat gebruik word, andersins mag skeuring veroorsaak word.

Na-plant voor-opkoms tenkmengsels:

BROADSTRIKE* 800 WG moet vooraf met water gemeng word om 'n bry (slurry) te vorm. Voeg die benodigde hoeveelheid **BROADSTRIKE* 800 WG** produk (of benodigde aantal wateroplosbare sakkies indien van toepassing) tot water in 'n emmer by, roer totdat die korrels deeglik gedispergeer is (en wateroplosbare sakkies volledig opgelos is, indien van toepassing) en voeg dan tot 'n halfvol spuittenk water by. Spoel houer gebruik vir voorafvermenging en voeg spoelwater tot die spuittenk by. Voeg dan die benodigde hoeveelheid RELAY SUPER 900 EC of ALACHLOR 384 EC of ALACHLOR 480 CS of METOLACHLOR 915 EC or S-METOLACHLOR 915 EC of METOLACHLOR 960 EC or S-METOLACHLOR 960 EC by. Vul die tenk verder met water tot die verlangde volume in die spuittenk bereik word. Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend deeglik in roering gehou word.

Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie.

Na-opkoms alleen (klawer, lusern of medics) of na-opkoms tenkmengsels (mielies):

BROADSTRIKE* 800 WG moet vooraf met water gemeng word om 'n bry (slurry) te vorm. Voeg die benodigde hoeveelheid **BROADSTRIKE* 800 WG** produk (of benodigde aantal wateroplosbare sakkies indien van toepassing) tot water in 'n emmer by, roer totdat die korrels deeglik gedispergeer is (en wateroplosbare sakkies volledig opgelos is, indien van toepassing) en voeg dan tot 'n halfvol spuittenk water by. Spoel houer gebruik vir voorafvermenging en voeg spoelwater tot die spuittenk by. Voeg dan soos benodig die komplementêre produkte afsonderlik by in die formulasetipe volgorde SC; EC; SL; benatter. Vul die tenk verder met water tot die verlangde volume in die spuittenk bereik word. Gebruik 'n minimum spuitvolume van 200 ℓ/ha om eweredige spuitmengselverspreiding te verseker.

Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend deeglik in roering gehou word.

Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie.

TOEDIENING

Na-plant vooropkom

Wanneer in klam grond geplant word, moet **BROADSTRIKE* 800 WG** in mengsel met RELAY SUPER 900 EC of ALACHLOR 384 EC of ALACHLOR 480 CS of METOLACHLOR 960 EC or S-METOLACHLOR 960 EC **binne drie dae na plant** (maar verkieslik tydens plant) op 'n relatiewe fyn, egalige, ferm en vars voorbereide saadbed, vry van onkruid, oormatige plantreste en groot kluite, toegedien word. Die onkruidodermengsel moet nie later toegedien word nie as drie (3) dae na die finale bewerking vir saadbedvoorbereiding. Afwyking van die voorafgenoemde saadbedtoestande en/of die voorgeskrewe toedieningstyd mag minder effektiewe onkruidbeheer tot gevolg hê. Om goeie resultate te verkry, is dit ook noodsaaklik dat die onkruidodertoediening binne sewe (7) dae gevolg moet word deur 12 – 15 mm reën of besproeiing voordat die onkruid opkom. Indien reën nie betyds voorkom nie en die onkruid begin opkom en ontwikkel, moet 'n vlak grondbewerking uitgevoer word om hierdie onkruid te vernietig en die onkruiddoder met die boonste 10 - 20 mm grondlagie te vermeng. Bewerkingstoerusting wat verstel is om vlak te loop en om grondbeweging te minimaliseer sal die waarskynlikheid van verdunning van of verwydering van die onkruiddoder vanuit die onkruidbeheer sone, verminder. Die gebruik van 'n voltandeg in dieselfde rigting as die plantrye mag gewasopkoms bevorder indien grondkorsvorming 'n probleem is, weereens minimaliseer beweging van grond. Om moontlike gewasstremming as gevolg van onvoldoende voeding te vermy en om kragtige, aanvanklike gewassaailinggroei te bevorder, sorg dat voldoende kunsmis tydens plant naby die saad geplaas word.

Grondtoediening [Na-plant voor-opkoms (akkerbone, droëbone, grondbone, mielies of sojabone) of na-opkoms (slegs klawer, lusern, medics of mielies)]

BROADSTRIKE* 800 WG alleen vir gebruik op klawer, lusern of medics of in mengsel met komplementêre produk/te soos aanbeveel op ander gewasse, kan met enige medium- of

hoë volume spuittoerusting wat met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is en wat korrek gekalibreer is, toegedien word. Keuse en rangskikking van waaiertipe spuitpunte moet sodanig wees dat 'n egalige verspreiding en optimale herwinning van die onkruidodder verkry word. Die aanbevole hoeveelheid **BROADSTRIKE* 800 WG** alleen of in mengsel met komplementêre produk/te moet in minstens 200 liter water/ha toegedien word, as 'n breedwerpige toediening. Indien strooktoediening toegepas word, moet die volume spuitmengsel per hektaar na verhouding verminder word.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

A. GRONDBONE (Voor-opkoms):

% KLEI	BROADSTRIKE* 800 WG (g/ha)	PLUS RELAY SUPER 900 EC (mℓ/ha)
0 - 10	18	750
11 - 20	26	1000
21 - 30	30	1000 – 1500

B. SOJABONE (Voor-opkoms):

% KLEI	BROADSTRIKE* 800 WG (g/ha)	PLUS ALACHLOR 384 EC (ℓ/ha)	OF ALACHLOR 480 CS (ℓ/ha)	OF METOLACHLOR 960 EC (mℓ/ha)	OF S-METOLACHLOR 960 EC (mℓ/ha)
0 - 10	18	4,0	3,2	700	500
11 - 20	26	4,0 - 4,5	3,2 – 3,6	1000	700
21 - 30	30	4,5 - 5,0	3,6 – 4,0	1300	850
31 - 40	36	5,0	4,0	1500	1000
> 40	42	5,0	4,0	1600	1150

C. DROëBONE* OF AKKERBONE (Voor-opkoms):

% KLEI	BROADSTRIKE* 800 WG (g/ha)	PLUS METOLACHLOR 960 EC (mℓ/ha)	OF S-METOLACHLOR 960 EC (mℓ/ha)
0 - 10	18	700	500
11 - 20	26	1000	700
21 - 30	30	1300	850
31 - 40	36	1500	1000
> 40	Nie aanbeveel nie	1600	1150

* BELANGRIKE NOTAS:

- **BROADSTRIKE* 800 WG** plus METOLACHLOR 960 EC of S-METOLACHLOR 960 EC mengsels word nie vir gebruik op droëboon kultivars Teebus en PAN 123 aanbeveel nie, asook nie vir gebruik op alle ander Kleinwit droëboon kultivars nie, asook nie op enige droëboon kultivars nie gelys hieronder as geskik nie.

- Die mengsel van **BROADSTRIKE* 800 WG** plus METOLACHLOR 960 EC of S-METOLACHLOR 960 EC mag huidiglik net op die droëboon kultivars A C Calmond; Jenny; Kranskop; OPS RS1; OPS RS4; PAN 146; PAN 148; PAN 150; PAN 159; PAN 178 en SABIE gebruik word.

D. MIELIES (Voor-opkoms)

% KLEI	BROADSTRIKE* 800 WG (g/ha)	PLUS METOLACHLOR 915 EC (ml/ha)	OF S-METOLACHLOR 915 EC (ml/ha)
0 – 10	NIE AANBEVEEL NIE	NIE AANBEVEEL NIE	NIE AANBEVEEL NIE
11 – 20	26	1000	700
21 – 30	30	1350	900
31 – 40	36	1550	1050
> 40	42	1650	1200

NB: BELANGRIKE NOTAS:

Met voor-opkoms toediening van **BROADSTRIKE* 800 WG** op mielies:

1. Moet geen ander tenkmengsel behalwe diegene soos bo in hierdie Tabel D aangedui word gebruik nie, andersins mag ernstige gewasskade voorkom.
2. Moet geen METOLACHLOR of S-METOLACHLOR produk wat nie 'n mieliebeveiligter bevat nie, gebruik nie, andersins mag ernstige gewasskade voorkom. Dit sluit in bv. 960 EC formulasies wat geen beveiligter bevat nie.
3. Moet nie **BROADSTRIKE* 800 WG** mengsels met METOLACHLOR 915 EC of S-METOLACHLOR 915 EC op mielies wat reeds opgekom het toedien nie, omrede ernstige gewasskade mag voorkom. Toedienings van **BROADSTRIKE* 800 WG** na-opkoms op mielies mag alleenlik streng soos voorgeskryf in TABEL E gedoen word.
4. Neem deeglike kennis dat **BROADSTRIKE* 800 WG** nie vir voor-opkoms toediening op mielies in die magistratsdistrikte van Bothaville, Bultfontein, Hoopstad, Kroonstad, Leeudoringstad, Makwassie, Mareetsane, Schweizer-Reneke, Viljoenskroon en Wesselsbron aanbeveel word nie.

E. MIELIES (Na-Opkoms)

% KLEI	DOSIS / ha	OPMERKINGS
0 – 10 > 10	BROADSTRIKE 800 WG 18 g 25 g	
	PLUS 750 ml 2,4-D AMINE 480 SL	Sien BELANGRIKE NOTA's 1 tot 5 hieronder.
	OF 500 ml 2,4-D AMINE 480 SL + 0,85 l RELAY SUPER 900 EC	Sien BELANGRIKE NOTA's 1 tot 5 hieronder.
	OF 2,0 l ATRAZINE 500 SC	Sien BELANGRIKE NOTA's 1 tot 5 hieronder.
	OF 1,0 l BROMOXYNIL 225 EC	Sien BELANGRIKE NOTA's 1 tot 5 hieronder.
	OF 0,85 l Atrazine/Terbuthylazine 600 SC	Sien BELANGRIKE NOTA's 1 tot 5 hieronder.
	OF 0,85 l Atrazine/Terbuthylazine 600 SC + 0,85 l RELAY SUPER 900 EC	Sien BELANGRIKE NOTA's 1 tot 5 hieronder.
	OF 0,85 l Atrazine/Terbuthylazine 600 SC + 0,5 l 2,4-D AMINE 480 SL	Sien BELANGRIKE NOTA's 1 tot 5 hieronder.
	OF 1,0 tot 1,5 l REFLEX SC	Gebruik die laer dosisse van 1,0 l REFLEX SC/ha op gronde van 0 – 15 % klei. Tenkmengsels met REFLEX SC moet NOOIT breedwerpig toegedien word nie, maar slegs gerig met valarms. Sien BELANGRIKE NOTA's 1 tot 5 hieronder.

BELANGRIKE NOTA'S (MET TOEPASSING OP TABEL E - MIELIES NA-OPKOMS):

1. Moenie **BROADSTRIKE* 800 WG** mengsels aan mielies wat met organofosfaatprodukte behandel is, toedien nie. Moet ook nie **BROADSTRIKE* 800 WG** in tenkmengsels met organofosfaat produkte toedien nie. Moenie organofosfaatprodukte binne 6 weke na **BROADSTRIKE* 800 WG** toediening toedien nie.
2. Voeg 'n geskikte geregistreerde adjuvant by alle tenkmengsels teen etiket aanbevole dosis tot die spuitmengsel by, behalwe dat vir 'n tenkmengsel met BROMOXYNIL 225 EC moet geen adjuvant bygevoeg word nie.
3. **Tyd van Toediening: Mielies -**
 - Breedwerpige oorhoofse toediening (behalwe REFLEX SC mengsels) kan gemaak word sodra mielies die 4-blaar stadium bereik het tot op 6-blaar stadium (40 cm planthoogte). Indien die gewas die 6-blaar stadium oorskry of hoër as 40 cm is, word gerigte bespuiting aanbeveel om sodoende deeglike benatting van die onkruid te verkry en om te verhoed dat die spuitmengsel in die mielieplante se kelke beland. Die geskikte tyd van toediening en toedieningsaanbevelings soos hierbo beskryf moet streng nagekom word anders mag ernstige gewasskade voorkom.
 - Moenie **BROADSTRIKE* 800 WG** in enige mengsels aan mielies toedien nie, voordat dit die 4-blaar stadium bereik het nie, want gewasskade mag veroorsaak word.
 - Toediening van **BROADSTRIKE* 800 WG** mengsels moet tydens warm weer en toestande wat bevorderlik is vir die groei van die gewas geskied. Moenie onder abnormale koue en/of abnormale nat toestande toedien nie, want die gewas kan moontlik nadelig beïnvloed word.
4. **Tyd van Toediening: Onkruid -**

Vir optimum onkruidbeheer moet **BROADSTRIKE* 800 WG** mengsels op aktiefgroeiende breëblaaronkruid nie groter as die 4-blaar stadium en nie groter as 100 mm hoogte nie, toegedien word.

 - Onkruid wat te groot vir optimum beheer is, sal onderdruk word, maar mag na 2 tot 3 weke herstel.
 - Moenie **BROADSTRIKE* 800 WG** mengsels toedien indien reën binne 6 ure na toediening verwag word nie.
5. **BROADSTRIKE* 800 WG** tenkmengsels wat na-opkoms in mielies toegedien word sal nie beheer van eenjarige grasse en *Cyperus esculentus* verskaf nie en moet derhalwe, waar benodig, met 'n na-plant voor-opkoms toediening van 'n grasonkruiddoder, soos WENNER 700 S EC voorafgegaan word, om beheer van eenjarige grasse en wisselvallige beheer van *Cyperus esculentus* te verkry.

F. MIELIES (SLEGS NA-OPKOMS) (SLEGS GLIFOSAAT VERDRAAGSAME MIELIES)

BROADSTRIKE* 800 WG is mengbaar met MAMBA* MAX 480 SL (L7714) of met MAMBA* DMA 480 SL (L8388) en mag in tenkmengsel met hierdie produkte, vir na-opkomstoediening streng slegs op glifosaat verdraagsame mieliekultivars, gebruik word. Vir volle Gebruiksaanwysings, Voorsorgmaatreëls en Gebruiksbeperkings van sulke mengsels lees al die inligting op die etikette van MAMBA* MAX 480 SL (L7714) en MAMBA* DMA 480 SL (L8388) en sorg dat dit volledig nagekom word.

G. KLAWER, LUSERN OF MEDICS (Slegs na-opkoms):

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
KLAWER OF LUSERN OF MEDICS	50 g BROADSTRIKE* 800 WG /ha + geskikte geregistreerde adjuvant soos op die etiket daarvan voorgeskryf.	<ul style="list-style-type: none"> • Onkruid moet aktiefgroeiend wees tydens toediening om optimale werking te verseker. • BROADSTRIKE* 800 WG word deur onkruidblare opgeneem en getranslokeer na die groeipunte toe. Die groei van vatbare onkruid word gestaak, wat kompetisie met die gewas beperk. Vergeling en afsterwing van onkruid mag daarop volg. • Dien toe sodra die derde drieledige blaar van peulplantweidings volledig ontwikkel het en voordat geblom word. • Moet nie te laat toedien nie wanneer blare van die gewas en /of onkruid so groot en/of dig is dat deeglike bedekking en benatting van al die onkruid nie plaasvind nie, omrede dit tot net gedeeltelike onkruidbeheer sal lei. • Moet nie BROADSTRIKE* 800 WG in tenk-mengsel met GALLANT SUPER (L4962) onkruiddoder (of enige ander Groep A onkruiddoder) gebruik nie, want so 'n mengsel is antagonisties en swak beheer van eenjarige grasse sal waarskynlik plaasvind.

DIE VOLGENDE HANDELSMERKE EN REGISTRASIES ONDER WET 36 VAN 1947 WORD ERKEN:

PRODUK	REG. NO.	MAATSKAPPY
REFLEX SC	L6839	Technichem Crop Protection (Pty) Ltd

24 UUR NOODGEVAL TEL. NO. 082-887-8079
TEGNIесе NAVRAE/INLIGTING TEL. NO. (012) 361-8112